

Maatreëls vir kinders by ECDs

Hoe kan kinders 1,5 meter van mekaar gehou word tydens vrye spel?

Kyk voortdurend na die kinders en herinner hulle daaraan om ten minste 'n armlengte van ander af weg te hou. Laat hulle hul arms om hulself swaai om te weet hoe ver hulle van ander af moet wees. Sit plakkers of kleurvolle stukkies papier 1,5 m van mekaar af op die vloer waarop die kinders moet staan.

Het ons 'n siek baai nodig vir kinders wat siek is?

- Daar moet 'n ruimte of kamer wees wat apart is van ander kinders waar siek mense onderhou kan word totdat hul versorgers hulle kom haal.

Watter stappe neem ons as 'n kind of personeelid simptome toon?

- Sit dadelik 'n masker op. Neem die persoon na die siekebaai totdat hulle gehaal kan word. Stel die kind gerus.

Moet leerders en onderwysers hul temperatuur elke oggend neem?

- Die beleid bepaal dat dit gedoen en opgeteken moet word.

Hoe kan ek kinders help om te verstaan hoe maklik die virus kan versprei?

- Laat die kinders hul hande in koekmeel of glitter dompel en laat hulle speel. Vra hulle na ongeveer tien minute om te identifiseer waar die meel / glitter is. Die virus is soos die meel / glitter wat oral voorkom.



Hoe kan kinders geleer word om hul hande vir 20 sekondes te was?

Leer hulle om twee keer 'Happy Birthday to me' te sing terwyl hulle seep en water gebruik om hande te was. Droog dit dan met 'n papierhanddoek of skud dit droog. Wys hulle hoe om die palms aanmekaar te vryf; vryf naels teen die palm en ruil hande; vryf vingers tussen mekaar; plaas die een hand oor die ander en vryf tussen die vingers en ruil hande om. Was hande voordat u aan kos raak en na die gebruik van die toilet.